

'N EKOLOGIESE STUDIE VAN DIE ONTBINDING VAN
BOGRONDSE PLANTRESTE IN DIE
NYLSVLEYSAVANNE-EKOSISTEEM

DEUR

JOHANNES JURGENS BEZUIDENHOUT

Voorgelê ter vervulling van 'n deel van die
vereistes vir die graad

D.Sc.

in die Fakulteit Wis- en Natuurkunde

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

PRETORIA

NOVEMBER, 1980

DANKBETUIGINGS

Die bystand van die volgende persone en instansie tot hierdie proefskrif word hoog op prys gestel:

Prof. P.L. Steyn en Dr. J.W. Morris vir hulle opbouende kritiek en wenke.

My ouers en vrou vir hulle aanmoediging.

Die WNNR vir finansiële steun.

INHOUDSOPGAWE

| | <u>BLADSY</u> |
|---|---------------|
| 1. INLEIDING | 1 |
| 2. LITERATUUROORSIG | 3 |
| 3. METODEDES | 8 |
| 3.1 Strooiselsakkietegniek | 8 |
| 3.2 Koolsuurgasmetings | 8 |
| 3.3 Bepaling van die ATP-inhoud | 9 |
| 3.4 Chemiese analises | 10 |
| 3.5 Propaguletellings | 11 |
| 3.6 Statistiese metodes en beskrywing van die simulasiemodel | 11 |
| 4. RESULTATE | 14 |
| 4.1 Laboratoriumresultate | 14 |
| 4.2 Resultate verkry vanaf die veldopnames | 29 |
| 4.3 Vergelyking tussen die veld- en labora- toriumresultate | 53 |
| 4.3.1 Regressiemodel | 53 |
| 4.3.2 Simulasie van die ontbinding van blare in strooiselsakkies | 54 |
| 4.4 Afleiding van die ouderdom van 'n ont- bindende plantmonster | 72 |

(ii)

| | <u>BLADSY</u> |
|--------------------|---------------|
| 5. BESPREKING | 75 |
| 6. OPSOMMING | 85 |
| SUMMARY | 88 |
| 7. VERWYSINGS | 91 |
| 8. BYLAE | 101 |

1. INLEIDING

Vir die ekosistestudie te Nylsvley is die algemene mening dat óf vog, óf plantvoedingstowwe 'n beperkende faktor in die dinamika van hierdie savanne is (Walker, 1980 - persoonlike mededeling). Die ontbinderskomponent in enige ekosistestem lewer 'n groot bydrae tot mineralisering (Odum, 1971) van organiese verbindings en hierdie komponent mag dus die tempo van die dinamiese funksionering van die Nylsvley-ekosistestem bepaal.

Die Ontbinderswerkgroep van die Suid-Afrikaanse Savanne-ekosistestemprojek (SASEP) het voorgestel dat 'n ondersoek na die faktore wat ontbinding van organiese materiaal en die aktiwiteit van grondmikroörganismes beïnvloed gedoen moet word. 'n Studie van die aktiwiteit van grondmikroörganismes te Nylsvley is uitgevoer deur Bezuidenhout (1978) en in die hieropvolgende verslag word die studie van sekere ontbindingsprosesse beskryf.

Hierdie studie is beperk tot die ontbinding van blaarmateriaal en 'n vergelyking is getref tussen ontbinding van plantreste onder gekontroleerde en natuurlike toestande soos gevind by Nylsvley. Die doelstellings van hierdie ondersoek was om inligting in te win ten einde die volgende vrae te beantwoord:

1. Bestaan daar verskille tussen die ontbindingstempo's van verskillende plantreste?
2. Verskil die vervaltempo's van verskillende organiese verbindings in plantreste?
3. Is daar 'n verband tussen CO₂-produksie, ATP-inhoud, propaguletellings en chemiese samestelling van die substraat?
4. Hoe beïnvloed fisiese faktore soos vog, temperatuur en substraatpartikelgrootte die mikrobe-aktiwiteit?
5. Kan die resultate wat in die laboratorium verkry is in verband gebring word met veldwaarnemings? Indien wel, kan daar voorspellings gemaak word ten opsigte van ontbindingstempo's van plantreste by Nylsvley?

In die hieropvolgende verslag word 'n uiteensetting gegee van die modus operandi tot beantwoording van die vrae en die resultate en gevolgtrekkings wat daaruit voortgevloei het.

2. LITERATUUROORSIG

Ontbinding van organiese materiaal is dikwels 'n langsame proses waar die tempo's van die reduksiestappe kenmerkend is van die omgewing en die substraat (Satchell, 1974). Om die ontbindingsprosesse te ondersoek is van verskeie tegnieke en benaderings gebruik gemaak. Indirekte metodes wat vir ontbindingstudies gebruik is, sluit in die gepaarde plot-metode (Wiegert & Evans, 1964), oesmetodes (Galley, 1965) en die bepaling van vervalkonstantes wat gebaseer is op die aanname dat ontbinding en primêre produksie in ewewig verkeer (Witkamp & Olson, 1963). Die nadele van hierdie indirekte metodes is eerstens dat die aanname gemaak word dat die dooie materiaal homogeen is, wat nie die geval is onder natuurlike toestande nie, en tweedens dat geen idee verkry kan word van watter tipe organismes betrokke is by die proses nie. Juis vanweë hierdie twee nadele is een van die algemeenste tegnieke wat gebruik word 'n direkte metode, naamlik die strooiselsakkietegniek (Wiegert & McGinnis, 1975). Hierdie tegniek bied die moontlikheid om die patroon van ontbinding tussen verskillende plantspesies te vergelyk, sowel as om die rol van invertebrata en mikroörganismes in die proses te evalueer deur sakkies met verskillende maasgroottes te gebruik (Witkamp, 1966). Daar bestaan wel in 'n groot mate geldige kritiek op hierdie tegniek wat hoofsaaklik daarop neerkom dat die omgewingsfaktore in die strooiselsakkie en die natuurlike habitat nie ooreenstem nie. Om hierdie probleem te bowe te kom het

Witkamp & Frank (1967) van radio-aktiewe isotope gebruik gemaak om plantreste te merk waarna die ontbindingstempo van die gemerkte materiaal afgelei kon word uit die konsentrasie van die spesifieke isotoop in die materiaal. Weens die feit dat daar eerstens 'n beperkte aantal radio-isotope bestaan van elemente wat natuurlik in plante voorkom en dit tweedens moeilik is om genoegsame gemerkte materiaal te bekom, veral in die geval by stadiggroeiende plante, het hierdie tegniek nog nie algemene toepassing gevind nie (Singh & Gupta, 1977).

Aangesien daar 'n verband is tussen die aktiwiteit van mikro-organismes in plantreste en die ontbinding daarvan is daar verskeie pogings aangewend om die mikrobe-aktiwiteit as maatstaf van ontbindingstempo te bepaal. Die propagule-telling-tegniek het verskeie tekortkominge as dit gebruik word om 'n geheelbeeld van mikrobe-aktiwiteit in 'n ekologiese sisteem te verkry (Gray & Williams, 1971). Chemiese metodes soos muramiensuure-saïëring (Millar & Casida, 1970) en ensiem-essaiëring (Casida, Klein & Santoro, 1964) is dikwels nie spesifiek genoeg sodat 'n onderskeid tussen lewende en nie-lewende selle gemaak kan word nie (Gray & Williams, 1971). Hierdie tekortkoming kortwiek ook die gebruik van direkte visuele ondersoeke (Parkinson, 1973) in ontbindingstudies. Tans is ATP-essaiëring en CO₂-produksie die twee mees geskikte tegnieke vir die aktiwiteitsbepaling van mikrobe-populasies. Aangesien ATP 'n universele voorkoms het in lewende sisteme en vinnig verval na dood (Sparrow & Doxtader,

1973) is dit 'n goeie indeks van mikrobe-aktiwiteit. Kool-suurgasproduksie word dikwels geassosieer met ontbinding en indien daar geen suurstofbeperkings op die sisteem is nie verloop CO_2 -produksie en die verval van die organiese verbindings stoichiometries (Singh & Gupta, 1977).

Deur van hierdie standpunt uit te gaan is dit dus nie net moontlik om die mikrobe-aktiwiteit d.m.v. CO_2 -produksie te bestudeer nie (Edwards & Sollins, 1973) maar ook om die mikrobebiomassa te bepaal deur die pasteurisasietegniek (Jenkinson, 1966).

Verskeie faktore beïnvloed ontbinding en een van die primêre doelstellings van ontbindingstudies is kwantifisering van hierdie faktore se effekte. Die invloed van chemiese samestelling van die substraat geniet wye aandag. Boyd (1970) het ondersoek ingestel na die effek van wateroplosbare bestanddele op die ontbindingstempo van plantreste. Daar is gevind dat etanoloplosbare komponente die ontbinding van dennenaalde beïnvloed (Spalding, 1979). Lignien en koolhidrate (Herman, McGill & Dormaar, 1977), polifenole (Lamb, 1976) en stikstof (Bocock, 1964) het ook 'n invloed op die ontbindingstempo's van plantreste. Fisiese faktore het ook 'n groot invloed op ontbinding. Howard & Howard (1979) het die invloed van temperatuur en vog op ontbinding bestudeer en tot die slotsom gekom dat die bestaande teoretiese modelle vir hierdie twee faktore onvoldoende verklaring bied vir mikrobe-aktiwiteit in plantreste. Die interafhanklike invloed van temperatuur

en vog op ontbinding is deur Wildung, Garland & Buchsbom (1975) beskryf. Die verskeidenheid van faktore, en hulle interafhanklikheid, wat ontbinding beïnvloed, dui daarop dat dit moeilik is om ontbindingsprosesse in sy geheel te beskryf.

Vanweë die omvang van ontbindingsprosesse was hierdie studies tot 'n sisteemanalitiese benadering genoep, waarvolgens oënskynlike losstaande feite met die hulp van modelle geïntegreer kan word. Die oorgrote meerderheid modelle wat vir ontbindingsprosesse beskryf is, is simulasie modelle. Patten (1972) se ontbindingssimulasie model bevat 28 toestandsveranderlike (substraat- en biotiese veranderlikes) en sy doelwit met hierdie model was om die ekologiese belang van invertebrata en mikroörganismes te beklemtoon. In teenstelling met Patten (1972) het die model van Bunnell & Dowding (1973) geen biotiese veranderlikes nie aangesien hulle doel was om die ontbindingstempo's van verskillende plantreste te simuleer en nie die ontbinders se biomassa nie. Begrippe soos 'n aktiewe en rustende mikrobepopulasie in plantreste, ruimtelike verskille wat gepaardgaan met omgewingsverskille en die heterogeniteit van die substraat is gebruik vir die opstelling van die model van Hunt (1977). By die Rotter model word die ontbinding van plantreste gesimuleer deur die vervaltempo's van individuele plantverbandings in ag te neem (Morris, Bezuidenhout, Ferrar, Horne & Judelman, 1978). Botswa is 'n verbetering van Rotter met 'n verfyning

van die funksies vir temperatuur, vog, termietaksie en partikeleffek, terwyl die plantreste ook verdeel word in ouderdomsklasse (Morris, Bezuidenhout & Furniss, 1979). Soos die modelle van Hunt (1977) en Patten (1972) sluit die Botswa-model substraat- en biotiese toestandsveranderlikes in maar verskil van die ander twee modelle in die opsig dat mikroörganismes nie as 'n toestandsveranderlike gereken word nie.

Van die min ontbindingsmodelle wat op analitiese beginsels gefundeer is, is dié van Parnas (1975) en Smith (1979a). Alhoewel hierdie twee modelle eerder vir die ontbinding van grond-organiese materiaal as bogrondse plantreste ontwikkel is, kan hulle wel met aanpassings die ontbinding van organiese materiaal oor die algemeen beskryf. Albei die modelle is grotendeels gebaseer op die C/N-verhouding van die substraat en die wederkerige interaksie tussen hierdie verhouding en mikrobegroei. Die model van Parnas (1975) het 'n verklaring vir die "priming effect" gebied (Parnas, 1976) terwyl Smith (1979a) se model 'n redelike mate van ooreenstemming met die ontbindingsprosesse van 'n grondondersoek gelewer het (Smith, 1979b).

3. METODES

3.1 Strooiselsakkietegniek

Die verandering van mikrobe-aktiwiteit en chemiese samestelling van strooisel is in die veld gevolg deur die strooiselsakkietegniek van Witkamp & Crossley (1966) te gebruik. Vars blare van *Burkea africana*, *Ochna pulchra*, *Combretum molle*, *Terminalia sericea*, *Grewia flavescens*, *Digitaria eriantha* en *Eragrostis pallens* is in Junie 1976 versamel. Die materiaal is luggedroog en 10g-monsters is in nylonsakkies met maasgroottes van 0,5mm, 2mm en 5mm verseël. Die sakkies is op 16 Augustus 1976 in die studiegebied onder ooreenstemmende bome uitgeplaas. Die strooiselsakkies met grasstrooisel is onder bome (Boomsuhabitat) sowel as weg van boomkruine (Opsuhabitat) in die studiegebied met staalpenne op die grondoppervlakte bevestig. Met tussenposes van drie tot vier weke is van die sakkies onttrek en die massa daarvan bepaal en die chemiese samestelling en mikrobe-aktiwiteit nagegaan.

3.2 Koolsuurgasmetings

Vir die meting van CO₂-produksie vanaf strooisel is daar van twee tegnieke gebruik gemaak. 'n Manometriese tegniek is aangewend om koolsuurgasvorming vanaf strooisel afkomstig uit die strooiselsakkies te bepaal soos beskryf deur Bezuidenhout (1978). Aangesien dit te lank sou neem

om die groot aantal monsters volgens manometriese metode te ondersoek is 'n titrasietegniek vir die laboratoriumonderzoek gebruik. By laasgenoemde tegniek is 1g strooisel in 'n 100cm³-proefbuis verseël met Parafilm © en na 'n bepaalde tydsverloop van tussen 72 en 80 uur is die CO₂-inhoud van die proefbuis opgevang in 10cm³ 0,10N KOH deur 'n stroom CO₂-vrye lug deur die proefbuis te stuur. Die normaliteit van die KOH is daarna bepaal deur titrasie met 0,10N HCl m.b.v. 'n fenolftaleïenindikator nadat 20mg BaCl₂ bygevoeg is. Vanaf hierdie titrasiewaarde kon die hoeveelheid karbonaat in die KOH-oplossing bepaal word (Witkamp, 1966).

3.3 Bepaling van die ATP-inhoud

Die ATP-inhoud van die strooisel is geëssaieer deur by 'n 1g-monster 10cm³ koue morfolinopropaansulfoonsuur-buffer te voeg (Bezuidenhout, 1978). Daarna is die monster tot minstens 4°C afgekoel en gemasereer m.b.v. 'n Ultra-Turrax vir 2 min. Na die maserering van die monster is 1cm³ n-butanol bygevoeg, geskud vir 20 sekondes, 5cm³ n-oktanol (driemaal gewas met 2 dele water) is bygevoeg en die suspensie is weereens geskud vir 20 sekondes en nadat die suspensie vir 10 minute by 4°C gestoor is, is die ATP in die waterige fase bepaal. Hierdie bepaling het geskied deur 10mm³ van die waterige fase by 'n 100mm³ van die lusiferien-luseferase-oplossing (Bezuidenhout, 1978) te spuit. Vir die veldstudie is die ATP-essaiëring uitge-

voer op 'n Du Pont 760 Luminescence Biometer terwyl vir die laboratoriumstudie 'n Photometer Model 3000 van SA Technology gebruik is.

3.4 Chemiese analises

Die strooisel is geanaliseer vir suiker, hemisellulose, sellulose, lignien, stikstof, kalium en fosfaat. Vir die bepaling van lignien is die metode van Van Soest & Wine (1968) gevolg wat gebaseer is op die oksidasie van lignien deur kaliumpermanganaat. Die holosellulose wat verkry is na die permanganaatoksidasië is behandel met kaliumhidroksied vir die bepaling van sellulose (Allen, 1974). 'n Waarde vir die hemisellulose-inhoud van die materiaal is verkry deur die verskil van die holosellulose- en sellulosewaardes (Allen, 1974). Totale suikers in die materiaal is bepaal deur die antroonmetode (Allen, 1974). Vir die totale stikstof-, fosfor- en kaliumanalises is die standaardmetodes gevolg soos beskryf deur Allen (1974). Die koolstofinhoud van die monsters is bepaal deur die natverassings-tegniek (Kononova, 1961) terwyl 'n waarde vir die asinhoud van die monsters verkry is deur verassing (Allen, 1974).

3.5 Propaguletellings

Die voorbereiding van die verdunningsplate vir mikropropaguletellings is volgens die beskrywing van Parkinson, Gray & Williams (1971) uitgevoer. Vir aktinomiseettellings is chitienagar (Hsu & Lockwood, 1975) gebruik terwyl grond-ekstrakagar (Parkinson et. al., 1971) en Martin se medium (Johnson & Curl, 1972) onderskeidelik vir bakterie- en fungustellings aangewend is. Nadat die plate gegiet was, is dit geïnkubeer by 25°C en die kolonies na een week getel. Om 'n onderskeid te maak tussen aktinomiseet- en fungusspore en ander propagules is die metode van Skinner (1951) gebruik. Die aantal bakterie spore is geëvalueer soos beskryf deur Bezuidenhout (1978).

3.6 Statistiese metodes en beskrywing van die simulasiemodel

Die statistiese ontleding van die data is gedoen deur die SAS-rekenaarprogram (Barr, Goodnight, Sall & Helwig, 1976) te gebruik. Tensy anders vermeld word is al die statistiese metodes wat in hierdie studie gebruik is, beskryf in Steel & Torrie (1966).

Die verandering van die organiese samestelling, ATP-inhoud en CO₂-produksie van die plantreste in die strooiselsakkies is gesimuleer deur 'n model wat opgebou is uit die volgende vergelykings:

-12-

$$ds = -k_s s$$

$$dL = C_m ds - k_L L$$

s = Massa (g) in terme van CO_2 vir suiker, hemisellulose en sellulose

L = Massa (g) in terme van CO_2 vir lignien

k_L, k_s = Funksie van partikelgrootte (mm), vog (%) temperatuur ($^{\circ}C$) en die spesifieke vervalkonstante (d^{-1}) van die verbinding.

C_m = Konstante waarvan die waarde afhang van die produksie van weerbarstige komponente soortgelyk aan lignien vanaf suikers, hemisellulose en sellulose deur mikrobes.

Die k_L en k_s -waardes hang onder andere af van die voginhoud van die blare. Vir die simulering van die ontbindingsproses onder veldtoestande was 'n beperkte aantal vogmetings vir die plantreste beskikbaar en wel net die op dertien monsterdatums. Om die probleem te bowe te kom is 'n regressievergelyking ontwikkel tussen die reënvalsyfers en die vogmetings van die plantreste. Die algoritme waarvolgens die voginhoud bereken is:

Persentasie vog in die plantreste op dag n

$$= m \left(\sum_{i=0}^{i=n} \frac{\text{Reënval in mm op dag } i}{2^{n-i}} \right) + C$$

Waar m = helling van die kurwe en C = afsnit op die y-as.

Hierdie vergelyking is opgelos deur die metode van kleinste kwadrate.

Die CO_2 -produksie en ATP-inhoud van blaarreste onder veldtoestande is gesimuleer deur die meervoudige regressie wat vanaf die laboratoriumstudie ontwikkel is te gebruik.

Hierdie vergelykings vir ATP en CO_2 is in terme van die twee fisiese veranderlikes (vog en temperatuur) asook chemiese veranderlikes beskryf.

Vir die model is drie aannames gemaak: eerstens is die effek van invertebrate geïgnoreer, tweedens is die aanname gemaak dat mikrobe-aktiwiteit 'n funksie is van die fisiese en chemiese toestand van die substraat. 'n Derde aanname is naamlik dat die substraatverandering 'n eksponensiële funksie is wat bepaal word deur fisiese faktore.

Die iterasietyd van die model was een dag met dag nul as 16 Augustus 1976. Die model is geskryf in Fortran en die CSMP-subroetine (Brennan & Silberberg, 1968) soos beskryf in die IBM-GH20.0367.4-handleiding (IBM, 1972). 'n Volledige uiteensetting van die program word in die bylae verskaf.

4. RESULTATE

In die Inleiding is reeds gemeld dat die eksperimente wat in hierdie studie uitgevoer is in twee groepe verdeel kan word. Die een reeks eksperimente is gedoen in die laboratorium onder gekontroleerde toestande. Die resultate wat vanaf hierdie eksperimente verkry was, is gebruik om die waarnemings vanaf die veldopnames te integreer deur middel van 'n eenvoudige simulasiemodel. Die waarnemings wat in die laboratorium en veld gemaak is word vervolgens beskryf.

4.1 Laboratoriumresultate

Een van die vrae wat in die Inleiding geformuleer was, is: Bestaan daar 'n onderlinge verskil in die ontbindingstempo's tussen blaartipes? Om hierdie vraag te beantwoord kan die twee biotiese veranderlikes, ATP-inhoud en CO₂-produksie van blare, gebruik word as indekse van ontbinding (Ausmus & Witkamp, 1974; Bezuidenhout, 1978). Drie blaartipes is geïnkubeer onder 'n 100 kombinasies van vog en temperatuur waarna die ATP-inhoud en CO₂-produksie bepaal is, soos vervat in Tabel A2 (Bylae). Die t-toets vir gepaarde behandelings het daarop gedui dat die drie blaartipes hoogs betekenisvol van mekaar verskil met *E. pallens* wat die hoogste ATP- en CO₂-waardes en *O. pulchra* wat die laagste waardes vir albei hierdie veranderlikes gelewer het. Meer-voudige regressies van ATP of CO₂ as afhanklike en vog en temperatuur as onafhanklike veranderlikes het verskil

tussen blaartipes soos vervat in Tabel 1. Die B-waardes verskil opvallend tussen die blaartipes: By *T. sericea* is die B-waarde ongeveer 36 keer hoër as dié by *O. pulchra* met temperatuur as gemeenskaplike onafhanklike en ATP as afhanklike veranderlike. 'n Soortgelyke tendens is aange-tref met CO_2 as afhanklike veranderlike. Die vraag waarom daar 'n verskil bestaan in die ontbindingstempo's tussen blaartipes by dieselfde fisiese toestande is vervolgens ondersoek deur 12 blaartipes onder 25 kombinasies van vog en temperatuur te inkubeer. Die CO_2 -produksie en ATP-inhoud van hierdie blare is bepaal en word weergegee in Tabel A3. Alvorens hierdie data ontleed kon word deur middel van parametriese tegnieke was dit noodsaaklik om vas te stel of die ATP- en CO_2 -waardes normaalverspreiding het. Hiervoor is van die Kolmogorof-Smirnof-D-statistiek gebruik gemaak (Zar, 1974). Tabel 2 weergee die resultate van hierdie analise. Beide die CO_2 - en ATP-datastel het 'n normaalverspreiding getoon op 'n 99% en 95% onderskeide-lik waarskynlikheidspeil. Die positiewe skeefheidswaardes dui daarop dat die gemiddeldes van die twee datastelle hoër is as hulle mediane. Vanuit hierdie analise kon die nulhipotese naamlik, dat die ATP- en CO_2 -data nie 'n normaal- verspreiding vertoon nie, verwerp word. Parametriese tegnieke kon dus vir die analise van die data gebruik word.

As 'n eerste benadering tot die analise is die Pearson- korrelasies tussen ATP of CO_2 en die chemiese en fisiese veranderlikes bereken, soos weergegee in Tabel 3. Die

TABEL 1 MEERVOUDIGE REGRESSIES VAN DRIE BLAARTIPES MET ATP-INHOUD (ngATPg^{-1}) OF CO_2 -PRODUKSIE ($\text{mg CO}_2\text{g}^{-1}\text{d}^{-1}$) AS AFHANKLIKE VERANDERLIKES EN TEMPERATUUR ($^{\circ}\text{C}$) EN VOG (%) AS ONAFHANKLIKE VERANDERLIKES (n = 100)

| Blaartipe en kode ¹⁾ | Afhanklike veranderlike | Onafhanklike veranderlike | B-waarde \pm standaardfout |
|---------------------------------|-------------------------|---------------------------|------------------------------|
| <i>E. pallens</i> (F) | ATP | Afsnit | 53,93* \pm 20,80 |
| | | Temperatuur | 1,61* \pm 0,66 |
| | | Vog | 2,24** \pm 0,40 |
| | CO_2 | Afsnit | -0,072 \pm 0,241 |
| | | Temperatuur | 0,022** \pm 0,007 |
| | | Vog | 0,042** \pm 0,004 |
| <i>T. sericea</i> (T) | ATP | Afsnit | 17,99* \pm 10,81 |
| | | Temperatuur | 1,43** \pm 0,34 |
| | | Vog | 1,24** \pm 0,21 |
| | CO_2 | Afsnit | -0,264** \pm 0,047 |
| | | Temperatuur | 0,011** \pm 0,001 |
| | | Vog | 0,012** \pm 0,001 |
| <i>O. pulchra</i> (I) | ATP | Afsnit | 2,96** \pm 0,62 |
| | | Temperatuur | 0,04 \pm 0,02 |
| | | Vog | 0,02 \pm 0,01 |
| | CO_2 | Afsnit | 0,003 \pm 0,009 |
| | | Temperatuur | 0,002** \pm 0,001 |
| | | Vog | 0,001** \pm 0,001 |

1) Sien Tabel A4.

TABEL 2 DIE KOLMOGOROF-SMIRNOF-D-STATISTIEK, WAARSKYNNLIKHEIDSPEIL EN SKEEFHEID VAN DIE ATP- EN CO₂-DATA (n = 300)

| Veranderlike | D-maks | Waarskynlikheidspeil | Skeefheid (g ₁) |
|-----------------|--------|----------------------|-----------------------------|
| ATP | 0,054 | 0,05 | 0,52 |
| CO ₂ | 0,180 | 0,01 | 2,06 |

TABEL 3 DIE PEARSON-KORRELASIEKOEFFISIËNTE TUSSEN DIE BIOTIESE EN ABIOTIESE VERANDERLIKES (n = 300)

| Abiotiese veranderlike | Biotiese veranderlike | |
|------------------------|----------------------------|--------------------|
| | CO ₂ -produksie | ATP-inhoud |
| Suiker | 0,48 ¹⁾ | 0,33 ¹⁾ |
| Hemisellulose | 0,51 | 0,39 |
| Sellulose | -0,49 | -0,36 |
| Lignien | -0,47 | -0,34 |
| Stikstof | -0,27 | -0,23 |
| Temperatuur | 0,22 | 0,20 |
| Vog | 0,45 | 0,55 |

1) Al die r-waardes in die tabel is hoogs betekenisvol.

twee biotiese veranderlikes het onderling min verskil ten opsigte van enige enkele fisiese of chemiese faktor. Daar is, wat die abiotiese veranderlikes betref, egter uiteenlopende korrelasies met ATP of CO_2 gevind. Sellulose, stikstof en lignien was negatief gekorreleerd met ATP of CO_2 , terwyl suiker, hemisellulose, vog en temperatuur 'n positiewe verband getoon het.

Aangesien die abiotiese veranderlikes 'n onderlinge korrelasie met mekaar mag vertoon is meervoudige regressietegniese gebruik om die bydrae van die individuele abiotiese veranderlikes tot die variasie in die biotiese veranderlikes te beskryf. 'n Addisionele oorweging vir hierdie stap was dat, soos wat afgelei kan word uit Tabel 3, hoogstens 25% van die variasie in 'n biotiese veranderlike deur enige enkele abiotiese veranderlike verklaar kan word. Die tipe veranderlikes wat in die modelle ingesluit is, is die wat die hoogste t-waarde opgelewer het. Afhangend van die aantal veranderlikes, m.a.w. die modelklas in die regressiemodel kan tussen veertig en vyftig persent van die variasie in die biotiese veranderlike beskryf word soos wat uit Tabel 4 blyk.

Die B-koëffisiënt hang af van die veranderlike se eenhede. Om die gestandaardiseerde bydrae van 'n onafhanklike veranderlike tot die variasievoorspelling van die biotiese veranderlikes te vind word die β -koëffisiënt soos gedefinieer deur Cohen & Cohen (1975) gebruik.

TABEL 4 DIE MEERVOUDIGE REGRESSIES VAN CO_2 ($\text{mgCO}_2\text{g}^{-1}\text{d}^{-1}$) EN ATP (ng ATPg^{-1}) IN TERME VAN ABIOTIESE VERANDERLIKES (% OP 'N DROËMASSA-BASIS), $n = 300$

| Modelklas | Veranderlikes | | B-koëffisiënt | t-toets waarde | p \geq | R ² -toets | |
|-----------|-----------------|---------------|---------------|----------------|----------|-----------------------|----------|
| | Afhanklik | Onafhanklik | | | | waarde | p \geq |
| III | CO ₂ | Afsnit | -0,19413 | 2,5 | 0,99 | | |
| | | Vog | 0,01678 | 10,3 | 0,99 | | |
| | | Suiker | 0,06104 | 10,9 | 0,99 | 0,43 | 0,99 |
| | CO ₂ | Afsnit | 5,13134 | 11,8 | 0,99 | | |
| | | Vog | 0,01679 | 10,4 | 0,99 | | |
| | | Sellulose | -0,08554 | -11,4 | 0,99 | 0,45 | 0,99 |
| | CO ₂ | Afsnit | -0,44964 | -5,3 | 0,99 | | |
| | | Vog | 0,01679 | 10,6 | 0,99 | | |
| | | Hemisellulose | 0,05511 | 12,2 | 0,99 | 0,47 | 0,99 |
| | CO ₂ | Afsnit | 1,11861 | 10,5 | 0,99 | | |
| | | Vog | 0,01679 | 10,3 | 0,99 | | |
| | | Lignien | -0,04308 | -10,8 | 0,99 | 0,43 | 0,99 |
| | ATP | Afsnit | 64,1675 | 13,8 | 0,99 | | |
| | | Vog | 1,2047 | 12,2 | 0,99 | | |
| | | Suiker | 2,5082 | 7,4 | 0,99 | 0,41 | 0,99 |
| | ATP | Afsnit | 292,01106 | 11,1 | 0,99 | | |
| | | Vog | 1,2047 | 12,4 | 0,99 | | |
| | | Sellulose | -3,6721 | -8,1 | 0,99 | 0,42 | 0,99 |
| | ATP | Afsnit | 51,2152 | 10,0 | 0,99 | | |
| | | Vog | 1,2048 | 12,7 | 0,99 | | |
| | | Hemisellulose | 2,4663 | 9,0 | 0,99 | 0,45 | 0,99 |
| | ATP | Afsnit | 119,5363 | 18,7 | 0,99 | | |
| | | Vog | 1,2048 | 12,3 | 0,99 | | |
| | | Lignien | -1,8387 | -7,7 | 0,99 | 0,41 | 0,99 |

(vervolg/...)

| Modelklas | Veranderlikes | | B-koëffi- siënt | t- toets waarde p ≥ | R ² - toets waarde p ≥ |
|--------------------|-----------------|--------------------|--------------------|---------------------------|---|
| | Afhanklik | Onafhanklik | | | |
| IV | CO ₂ | Afsnit | -0,78627 | -5,7 | 0,99 |
| | | Vog | 0,01679 | 10,7 | 0,99 |
| | | Temperatuur | 0,02295 | 5,1 | 0,99 |
| | | Suiker | 0,06104 | 11,3 | 0,99 0,48 0,99 |
| | CO ₂ | Afsnit | 4,53919 | 10,5 | 0,99 |
| | | Vog | 0,01679 | 10,9 | 0,99 |
| | | Temperatuur | 0,02295 | 5,2 | 0,99 |
| | | Sellulose | -0,08554 | -11,9 | 0,99 0,49 0,99 |
| | CO ₂ | Afsnit | -1,04178 | -7,6 | 0,99 |
| | | Vog | 0,01679 | 11,1 | 0,99 |
| | | Temperatuur | 0,02295 | 5,3 | 0,99 |
| | | Hemisellu- lose | 0,05511 | 12,7 | 0,99 0,51 0,99 |
| | CO ₂ | Afsnit | 0,52606 | 3,4 | 0,99 |
| | | Vog | 0,01679 | 10,7 | 0,99 |
| | | Temperatuur | 0,02297 | 5,1 | 0,99 |
| | | Lignien | -0,04309 | -11,3 | 0,99 0,47 0,99 |
| | ATP | Afsnit | 31,0538 | 3,7 | 0,99 |
| | | Vog | 1,2047 | 12,6 | 0,99 |
| | | Temperatuur | 1,2835 | 4,7 | 0,99 |
| | | Suiker | 2,5082 | 7,7 | 0,99 0,45 0,99 |
| | ATP | Afsnit | 258,8973 | 9,8 | 0,99 |
| | | Vog | 1,2047 | 12,8 | 0,99 |
| | | Sellulose | -3,6721 | -8,4 | 0,99 0,47 0,99 |
| | ATP | Afsnit | 18,1018 | 2,2 | 0,99 |
| Vog | | 1,2048 | 13,1 | 0,99 | |
| Temperatuur | | 1,2835 | 4,9 | 0,99 | |
| Hemisellu- lose | | 2,4663 | 9,4 | 0,99 0,49 0,99 | |
| ATP | Afsnit | 86,4076 | 9,270 | 0,99 | |
| | Vog | 1,2048 | 12,7 | 0,99 | |
| | Temperatuur | 1,2845 | 4,8 | 0,99 | |
| | Lignien | -1,8392 | -8,0 | 0,99 0,46 0,99 | |

(vervolg/...)

| Modelklas | Veranderlikes | | B-koëffi- siënt | t- toets waarde | p ≥ | R ² - toets | |
|-------------|-----------------|--------------------|--------------------|-----------------------|------|---------------------------|------|
| | Afhanklik | Onafhanklik | | | | waarde | p ≥ |
| V | CO ₂ | Afsnit | 2,70963 | 2,8 | 0,99 | | |
| | | Vog | 0,01619 | 10,9 | 0,99 | | |
| | | Temperatuur | 0,02295 | 5,2 | 0,99 | | |
| | | Suiker | 0,02428 | 2,2 | 0,99 | | |
| | | Sellulose | -0,05655 | -3,7 | 0,99 | 0,50 | 0,99 |
| | CO ₂ | Afsnit | -1,47928 | -3,5 | 0,99 | | |
| | | Vog | 0,01679 | 11,1 | 0,99 | | |
| | | Temperatuur | 0,02294 | 5,3 | 0,99 | | |
| | | Hemisellu- lose | 0,06931 | 5,1 | 0,99 | | |
| | | Lignien | -0,01271 | -1,1 | 0,75 | 0,52 | 0,99 |
| | CO ₂ | Afsnit | 1,08225 | 1,2 | 0,75 | | |
| | | Vog | 0,01679 | 11,2 | 0,99 | | |
| | | Temperatuur | 0,02295 | 5,4 | 0,99 | | |
| | | Sellulose | -0,03327 | -2,4 | 0,99 | | |
| | | Hemisellu- lose | 0,03749 | 4,5 | 0,52 | 0,52 | 0,99 |
| | CO ₂ | Afsnit | 3,20190 | 5,9 | 0,99 | | |
| | | Vog | 0,01679 | 11,1 | 0,99 | | |
| | | Lignien | -0,05438 | -5,1 | 0,99 | | |
| | | Sellulose | -0,02170 | -3,9 | 0,99 | 0,52 | 0,99 |
| | ATP | Afsnit | 218,2061 | 3,8 | 0,99 | | |
| | | Vog | 1,2047 | 12,8 | 0,99 | | |
| Temperatuur | | 1,2835 | 4,8 | 0,99 | | | |
| Suiker | | 0,5399 | 0,8 | 0,75 | | | |
| Sellulose | | -3,0272 | 3,3 | 0,99 | 0,47 | 0,99 | |

(vervolg/...)

| Modelklas | Veranderlikes | | B-koëffi- siënt | t- toets | | R ² - toets | |
|-----------|-----------------|--------------------|--------------------|-------------|------|---------------------------|------|
| | Afhanklik | Onafhanklik | | waarde | p ≥ | waarde | p ≥ |
| VII | ATP | Afsnit | -31,8558 | -1,3 | 0,75 | | |
| | | Vog | 1,2047 | 13,2 | 0,99 | | |
| | | Temperatuur | 1,2827 | 4,9 | 0,99 | | |
| | | Hemisellu- lose | 4,0814 | 5,0 | 0,99 | | |
| | | Lignien | -1,4517 | -2,1 | 0,99 | 0,50 | 0,99 |
| | | | | | | | |
| | ATP | Afsnit | 75,0661 | 1,4 | 0,75 | | |
| | | Vog | 1,2047 | 13,1 | 0,99 | | |
| | | Temperatuur | 1,2835 | 4,9 | 0,99 | | |
| | | Sellulose | -0,8922 | -1,1 | 0,75 | | |
| | | Hemisellu- lose | 1,9938 | 3,9 | 0,99 | 0,49 | 0,99 |
| | | | | | | | |
| | ATP | Afsnit | 202,9794 | 6,1 | 0,99 | | |
| | | Vog | 1,2047 | 13,0 | 0,99 | | |
| | | Temperatuur | 1,2840 | 4,8 | 0,99 | | |
| Lignien | | -2,3688 | -3,6 | 0,99 | | | |
| Sellulose | | -0,9072 | -2,7 | 0,99 | 0,48 | 0,99 | |
| | | | | | | | |
| VII | CO ₂ | Afsnit | -31,009 | -1,6 | 0,90 | | |
| | | Vog | 0,0168 | 11,2 | 0,99 | | |
| | | Temperatuur | 0,0228 | 5,3 | 0,99 | | |
| | | Suiker | 0,3011 | 1,6 | 0,90 | | |
| | | Sellulose | 0,2821 | 1,5 | 0,90 | | |
| | | Hemisellu- lose | 0,3724 | 1,8 | 0,90 | | |
| | | Lignien | 0,3303 | 1,6 | 0,90 | | |
| | | Stikstof | 0,5550 | 1,7 | 0,90 | 0,53 | 0,99 |

(vervolg/...)

-23-

| Modelklas | Veranderlikes | | B-koëffi- siënt | t- toets waarde $p \geq$ | R ² - toets waarde $p \geq$ | | |
|-----------|--------------------|-------------|--------------------|--------------------------------|--|------|------|
| | Afhanklik | Onafhanklik | | | | | |
| ATP | Afsnit | | -4915,510 | -4,2 | 0,99 | | |
| | Vog | | 1,203 | 13,5 | 0,99 | | |
| | Temperatuur | | 1,256 | 4,9 | 0,99 | | |
| | Suiker | | 46,560 | 4,2 | 0,99 | | |
| | Sellulose | | 48,291 | 4,2 | 0,99 | | |
| | Hemisellu- lose | | 54,289 | 4,5 | 0,99 | | |
| | Lignien | | 51,540 | 4,3 | 0,99 | | |
| | Stikstof | | 79,884 | 4,2 | 0,99 | 0,53 | 0,99 |

Die volledige model naamlik:

$$CO_2/ATP = \beta_{VO}(Vog) + \beta_{TE}(Temperatuur) + \beta_{SU}(Suiker) + \beta_{HE}(Hemisellu- \\ lose) + \beta_{SE}(Sellulose) + \beta_{LI}(Lignien) + \beta_{ST}(Stikstof) + \beta_{CNV}(Koolstof \\ \text{tot stikstof se verhouding})$$

is ondersoek om die relatiewe gestandaardiseerde bydrae van die abiotiese veranderlikes te probeer kwantifiseer. Die volgende probleem is egter hiermee ondervind naamlik: indien al die veranderlikes in die model ingesluit word is die t-waardes vir sellulose, hemisellulose, lignien, stikstof en die verhouding van koolstof tot stikstof (C/N) nie betekenisvol op 'n 95% waarskynlikheidspeil nie en die afleidings vir hierdie veranderlikes is derhalwe vaag. Die mees geskikte modelklas blyk Klas V te wees om die verband tussen die verskillende komponente te ondersoek en die β -waardes

vir hierdie klas word weergegee in Tabel 5.

TABEL 5 DIE β -WAARDES VIR DIE ONDERSKEIE ONAFHANKLIKE
 VERANDERLIKES VAN MODELKLAS V

| Model | Veranderlike | | β -waarde |
|-------|-----------------|---------------|-----------------|
| | Afhanklik | Onafhanklik | |
| 1. | CO ₂ | Vog | 0,45 |
| | | Temperatuur | 0,21 |
| | | Suiker | 0,19 |
| | | Sellulose | -0,33 |
| 2. | CO ₂ | Vog | 0,45 |
| | | Temperatuur | 0,21 |
| | | Hemisellulose | 0,35 |
| | | Lignien | -0,14 |
| 3. | CO ₂ | Vog | 0,45 |
| | | Temperatuur | 0,21 |
| | | Sellulose | -0,19 |
| | | Hemisellulose | 0,35 |
| 4. | CO ₂ | Vog | 0,45 |
| | | Temperatuur | 0,21 |
| | | Lignien | -0,32 |
| | | Sellulose | -0,24 |
| 5. | ATP | Vog | 54,34 |
| | | Temperatuur | 20,20 |
| | | Suiker | 7,12 |
| | | Sellulose | -29,64 |
| 6. | ATP | Vog | 54,34 |
| | | Temperatuur | 20,20 |
| | | Hemisellulose | 44,33 |
| | | Lignien | -26,87 |

(vervolg/...)

| Model | Veranderlike | | β -waarde |
|-------|--------------|---------------|-----------------|
| | Afhanklik | Onafhanklik | |
| 7. | ATP | Vog | 54,34 |
| | | Temperatuur | 20,20 |
| | | Sellulose | -8,73 |
| | | Hemisellulose | 31,38 |
| 8. | ATP | Vog | 54,34 |
| | | Temperatuur | 20,21 |
| | | Lignien | -23,19 |
| | | Sellulose | -16,79 |

Vir die modelle beskryf in Tabel 5 kan die veranderlikes gerangskik word op grond van hulle β -waardes soos vervat in Tabel 6. Deur van die verband as $a > b$ en $b > c$ dus

$a > b > c$ gebruik te maak

is afgelei dat $\beta_{VO} > \beta_{HE} > \beta_{TE} > \beta_{SU} > \beta_{SE} > \beta_{LI}$ is.

Die veranderlikes vog en hemisellulose het m.a.w. die grootste positiewe invloed op CO_2 -produksie en ATP-inhoud van die blare gehad. Sellulose en lignien daarenteen het 'n inhiberende effek op die twee biotiese veranderlikes gehad.

TABEL 6 DIE RANGSKIKKING VAN DIE ONAFHANKLIKE VERANDERLIKES IN TERME VAN HULLE β -WAARDES, GEBASEER OP TABEL 5

| Model | Afhanklike veranderlike | Rangskikking van onafhanklike veranderlikes |
|-------|-------------------------|---|
| 1. | CO ₂ | VO>TE>SU>SE |
| 2. | CO ₂ | VO>HE>TE>LI |
| 3. | CO ₂ | VO>HE>TE>SE |
| 4. | CO ₂ | VO>TE>SE>LI |
| 5. | ATP | VO>TE>SU>SE |
| 6. | ATP | VO>HE>TE>LI |
| 7. | ATP | VO>HE>TE>SE |
| 8. | ATP | VO>TE>SE>LI |

1) Sien Tabel A1 vir die simbole.

Vir al die eksperimentele resultate wat tot dusver beskryf is, was die plantreste vir 'n konstante tydsverloop naamlik 3d geïnkubeer by 'n spesifieke temperatuur en 'n bekende voggehalte. In Tabel 7 word die resultate saamgevat waar twee blaartipes by verskillende tye geïnkubeer is, waarna die waardes vir die biotiese veranderlikes verkry is. Behalwe vir die toename in die ATP-inhoud en CO₂-produksie van die blare met inkubasietyd is dit opvallend dat die ATP-CO₂-verhouding vernou.

TABEL 7 DIE VERANDERING VAN DIE ATP-INHOUD EN CO₂-PRODUKSIE MET INKUBASIETYD BY 25°C EN 30% VOG VIR TWEE BLAARTIPES (n = 5)

| Blaartipe en kode ¹⁾ | Tydsverloop (dae) | Veranderlike | | |
|---------------------------------|-------------------|--------------------------------------|--|---------------------|
| | | ATP (ngATPg ⁻¹) | CO ₂ (mgCO ₂ g ⁻¹ d ⁻¹) | ATP/CO ₂ |
| <i>E. pallens</i> (F) | 0-3 | 144 ²⁾ ± 21 ³⁾ | 1,55 ± 0,10 | 93 |
| | 6-9 | 137 ± 9 | 2,17 ± 0,16 | 63 |
| | 12-15 | 210 ± 30 | 3,04 ± 0,54 | 69 |
| <i>B. africana</i> (C) | 0-3 | 19 ± 2 | 0,56 ± 0,07 | 34 |
| | 6-9 | 26 ± 4 | 1,36 ± 0,19 | 19 |
| | 12-15 | 45 ± 7 | 2,24 ± 0,28 | 20 |

- 1) Sien Tabel A4 vir simbole
- 2) Gemiddelde waarde
- 3) Standaardafwyking

Benewens die feit dat vog en temperatuur ontbinding beïnvloed mag dit wees dat die fisiese grootte van die substraat 'n effek kan uitoefen op die ontbindingstempo. Substraatgrootte as 'n faktor by die ATP-inhoud en CO₂-produksie is ondersoek deur blare tot verskillende groottes te maal en hierdie waarnemings word in Tabel 8 getoon.

Die partikelgroepe van elke blaartipe is met mekaar vergelyk deur die t-toets te gebruik maar geen verskille kon opgemerk word nie. Substraatgrootte het dus geen invloed op die ATP-inhoud en CO₂-produksie oor 'n 3d-inkubasie

TABEL 8 DIE ATP-INHOUD EN CO₂-PRODUKSIE VAN TWEE BLAAR-TIPES MET VERSKILLENDE GROOTTES BY 25°C en 35% VOG NA 3 D INKUBASIE (n = 5)

| Blaartipe en kode ¹⁾ | Grootte (lengte in mm) | ATP-inhoud (ngATPg ⁻¹) | CO ₂ -produksie (mgCO ₂ g ⁻¹ d ⁻¹) |
|---------------------------------|------------------------|--------------------------------------|---|
| <i>B. africana</i> | Heel | 111 ²⁾ ± 32 ³⁾ | 0,85 ²⁾ ± 0,14 ³⁾ |
| (C) | 5 | 158 ± 33 | 0,79 ± 0,27 |
| | 2 | 94 ± 16 | 0,96 ± 0,18 |
| | 1 | 106 ± 24 | 1,05 ± 0,26 |
| <i>E. pallens</i> | Heel | 119 ± 28 | 0,93 ± 0,25 |
| (F) | 5 | 97 ± 24 | 1,42 ± 0,39 |
| | 2 | 161 ± 41 | 1,13 ± 0,40 |
| | 1 | 128 ± 37 | 0,84 ± 0,23 |

1) Sien Tabel A4 vir die simbole

2) Gemiddelde waarde

3) Standaardafwyking

periode nie.

Aangesien al die waarnemings van die laboratoriumeksperimente voor of op drie dae gemaak is kon die effek van partikelgrootte dus hier geïgnoreer word. Hierdie effek kan egter belangrik wees onder veldtoestande by eksperimente met 'n lang tydsverloop.

4.2 Resultate verkry vanaf die veldopnames

Die volledige data vir die strooiselsakkie-inhoud ten opsigte van massaverandering, chemiese samestelling, voginhoud en biologiese aktiwiteit word weergegee in Tabel A5 tot Tabel A9 in die Bylae.

Alhoewel sakkies met verskillende maasgroottes gebruik is, is gevind dat slegs die 2mm-maasgrootte sakkies van enige nut in hierdie studie sou wees. By die 5mm-maasgrootte sakkies het blare uit die sakkie geval terwyl die 0,5mm-sakkies geskeur het met dieselfde gevolge. Al die data wat verduidelik ten opsigte van die strooiselsakkies beskryf is, is dus verkry vanaf die 2mm-maasgrootte sakkies.

Soos by die laboratoriumstudie is die vraag gestel of daar 'n verskil in die ontbindingstempo's van die blaartipes bestaan. Om hierdie vraag te beantwoord is van drie indekse gebruik gemaak, naamlik totale massaverlies, CO₂-produksie en ATP-inhoud van die strooisel. Hierdie verandering in die indekse met ontbindingstyd word weergegee in Tabel 9.

TABEL 9 DIE PERSENTASIE MASSA-AFNAME, CO₂-PRODUKSIE EN
 ATP-INHOUD VAN SEWE BLAARTIPES IN STROOISELSAKKIES
 MET VERLOOP VAN TYD

| Blaartipe | Aantal dae in veld ⁴⁾ | ²⁾ % Massa- afname | ³⁾ CO ₂ -produk- sie (mgCO ₂ g ⁻¹ d ⁻¹) | ³⁾ ATP-inhoud (ngATPg ⁻¹ ×10 ²) |
|----------------------------------|-------------------------------------|----------------------------------|---|--|
| <i>E. pallens</i> ¹⁾ | 0 | 0,0 | 0,24 | 1,61 |
| | 38 | 13,4 | 0,44 | 0,74 |
| | 65 | 17,6 | 0,26 | 0,74 |
| | 88 | 23,4 | 0,33 | 0,61 |
| | 115 | 28,0 | 0,63 | 0,58 |
| | 157 | 31,6 | 1,09 | 0,84 |
| | 191 | 43,7 | 1,96 | 0,72 |
| | 213 | 47,1 | 0,68 | 0,44 |
| | 242 | 51,4 | 0,58 | 0,45 |
| | 275 | 53,7 | 0,30 | 0,38 |
| | 297 | 58,5 | 0,25 | 0,28 |
| | 331 | 60,0 | 0,32 | 0,14 |
| | 373 | 62,2 | 0,26 | 0,10 |
| <i>D. eriantha</i> ¹⁾ | 0 | 0,0 | 0,67 | 1,35 |
| | 38 | 15,9 | 0,71 | 0,83 |
| | 65 | 21,2 | 0,31 | 0,79 |
| | 88 | 32,9 | 0,56 | 0,82 |
| | 115 | 37,1 | 0,59 | 0,67 |
| | 157 | 39,5 | 1,11 | 0,45 |
| | 191 | 44,7 | 1,03 | 0,59 |
| | 213 | 47,4 | 0,90 | 0,29 |
| | 242 | 49,6 | 0,61 | 0,27 |
| | 275 | 51,1 | 0,20 | 0,34 |
| | 297 | 50,1 | 0,25 | 0,29 |
| | 331 | 55,8 | 0,11 | 0,02 |
| | 373 | 63,8 | 0,17 | 0,02 |

(vervolg/...)

TABEL 9 (vervolg)

| | | | | |
|----------------------|-----|------|------|------|
| <i>T. sericea</i> | 0 | 0 | 0,34 | 1,36 |
| | 38 | 3,1 | 0,48 | 1,65 |
| | 65 | 5,2 | 0,41 | 0,83 |
| | 88 | 8,3 | 0,40 | 0,71 |
| | 115 | 10,1 | 0,25 | 0,37 |
| | 157 | 9,2 | 0,99 | 0,44 |
| | 191 | 10,5 | 1,67 | 0,45 |
| | 213 | 11,3 | 0,47 | 0,48 |
| | 242 | 11,9 | 0,31 | 0,30 |
| | 275 | 14,1 | 0,25 | 0,16 |
| | 297 | 13,2 | 0,15 | 0,06 |
| | 331 | 19,6 | 0,09 | 0,10 |
| | 373 | 21,1 | 0,17 | 0,08 |
| <i>G. flavescens</i> | 0 | 0 | 0,38 | 1,50 |
| | 38 | 5,8 | 0,43 | 1,12 |
| | 65 | 9,3 | 0,43 | 0,83 |
| | 88 | 10,9 | 0,28 | 7,70 |
| | 115 | 19,9 | 0,27 | 0,59 |
| | 157 | 17,1 | 0,88 | 0,29 |
| | 191 | 21,5 | 0,95 | 0,28 |
| | 213 | 20,6 | 0,52 | 0,16 |
| | 242 | 22,6 | 0,27 | 0,14 |
| | 275 | 23,3 | 0,12 | 0,08 |
| | 297 | 24,6 | 0,19 | 0,05 |
| | 331 | 26,8 | 0,15 | 0,06 |
| | 373 | 28,1 | 0,14 | 0,06 |
| <i>C. molle</i> | 0 | 0 | 0,32 | 1,29 |
| | 38 | 5,5 | 0,40 | 1,27 |
| | 65 | 6,3 | 0,24 | 0,70 |
| | 88 | 8,2 | 0,12 | 0,52 |
| | 115 | 9,5 | 0,27 | 0,37 |
| | 157 | 16,5 | 0,93 | 0,75 |
| | 191 | 19,8 | 1,21 | 0,68 |
| | 213 | 22,7 | 0,84 | 0,68 |

(vervolg/...)

TABEL 9 (vervolg)

| | | | | |
|--------------------|-----|------|------|------|
| | 242 | 27,5 | 0,28 | 0,33 |
| | 275 | 28,7 | 0,22 | 0,30 |
| | 297 | 29,8 | 0,21 | 0,16 |
| | 331 | 30,2 | 0,08 | 0,07 |
| | 373 | 30,0 | 0,15 | 0,03 |
| <i>O. pulchra</i> | 0 | 0 | 0,24 | 1,31 |
| | 9 | 1,6 | 0,23 | 0,74 |
